LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

13-02-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 6 VIR 2017

24 Februarie	NG Suikerbosrand hou Bazaar vanaf 14:00 tot laat	Kerkterrein
25 Februarie	Gereformeerde Kerk hou Boeremark vanaf 08:00-14:00. Kom koop plaaslik en vars uit ons eie gemeenskap. Uitstalspasie beskikbaar (Susan 0795167975)	Pretoriusstr 12
3 Maart	Wêreldbiddag vir vroue om 09:00.	Klipkerk

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2017:**

WOENSDAG, 15 FEBRUARIE 2017 - HEIDELBERG KAMPIOENSKAPPE

- Atlete moet asb. môre R5 betaal vir hul ID-foto's wat geneem is om te kan deelneem.
- Elke atleet wat deelneem het reeds 'n program ontvang. Byeenkoms begin om 09:00.
- Atlete moet by Mnr Cassie aanmeld voor elke item. Slegs atletiekdrag is toelaatbaar.
- Geen atletiekoefening op Donderdag, 16 Februarie nie, maar wel weer op Maandag, 20 Februarie.
- D7 byeenkoms vind plaas op Dinsdag, 21 Februarie te Sasolburg.
- Dit is Woensdag, 15 Febr, 'n gewone skooldag vir die Graad RR, R, 1-3 leerders. Daar sal egter geen formele onderrig by die skool vir Graad 4 tot 7 leerders wees nie, a.g.v. bogenoemde byeenkoms. Vir leerders wat nie tuis geakkomodeer kan word nie, sal hier toesig by die skool wees.

2 **KULTUURAAND:**

- Onthou om mooi aan te trek op Vrydagaand! Ons sien julle vanaf 18:30 by Poortjie saal, vir 'n onvergeetlike kuieraand saam met vriende en Adam Tas.
- **Die Kultuuraand mammas verkoop nog Maandag en Dinsdag Valentyns-geskenkies tydens 1ste pouse! Kom ondersteun asb.!**
- **Ouers, maak asb seker dat u die KULTUURAAND SE FINALE ReëLINGS by u Graad 7 kind kry.**

3 **RUGBY:**

- Pa en Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus - Blou Bulle VS Cheethas
- Oefentye vir dié week is soos gereël met die spanne.
- Daar sal egter geen oefening vir enige rugby groep wees op DONDERDAG, 16 FEBR en DINSDAG, 21 FEBR nie.
- **Amptelike oefening begin egter Maandag, 20 Februarie vir 0/9-0/13 seuns:**

0/8	Ma, Wo, Do	17:00 - 18:00	Pappas
0/9	Ma, Di, Do	14:00 - 15:00	Mnr Jaco
		17:00 - 18:00	
0/10	Ma, Di, Do	14:00 - 15:00	Mnr Tiaan en Mnr Willie
0/11	Ma, Di, Do	15:00 - 16:00	Mnr Lardus
2des	Ma, Di, Do	15:00 - 16:00	Mnr Cassie en Mnr Dawie
1stes	Ma, Di, Do	16:00 - 17:00	Mnr Tewis

- Ons eerste wedstryd vir die seisoen is 9 Maart teen Christiaan Beyers, weg.

4 **NETBAL**:

- Wedstryde vir 0/10 A en B - 0/13 A en B:

9 Maart	Christiaan Beyers	Weg
11 Maart	Protearif	Weg
23 Maart	Selectionpark	Weg
25 Maart	Fonteine	Weg

- Netbalkliniek is op 22 en 23 Februarie vir 0/10 - 0/13 @ R250 per speler.
- Netbaltoer vir 0/13 span is vanaf 10-12 April te Roodeplaat.

5 **SPORTBRAAI VIR ALLE SPORTSOORTE:**

Ouers word uitgenooi na 'n kort inligtingsgeleentheid en 'n braai op 22 Februarie om 18:00 by die skoolsaal. Vure word voorsien. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier lekker saam.

6 **STOEI**:

Atwie (0835228601) en Philip (0724213230) nooi al die seuns en dogters uit wat belangstel in stoei as 'n sport om hulle te kontak en 'n oefening of drie by te woon. Hulle oefen by die Weermag se Sportgronde op Dinsdae en Donderdae tussen 18:00 - 20:00.

Jannie Putter, Sportsielkundige met 18 jaar se ervaring, sê die volgende:
"Van al die sportlui waarmee ek werk (veral kinders) is daar 'n merkwaardige "uitstaan" van stoeiertjies in terme van emosionele volwassenheid sowel as fisieke ontwikkeling."

7 **KARWAGTE**:

Daar word 'n ernstige versoek deur die SAP gedoen aan al ons ouers om asb GEEN GELD VIR DIE KARWAGTE buite die skool te gee nie. Hulle ondervind groot probleem met die karwagte!

8 **STUDIEMETODE-KLAS:**

Die laaste studiemetode klas vind volgende Woensdag, 22 Febr plaas. Daar sal weer volgende kwartaal 'n kursus vir Graad 4 leerders aangebied word.

9 **SKAAK**:

- Baie geluk aan al ons skaakspelers wat pryse ontvang het by die Skaakprysuitdeling. Ons is baie trots op julle!
- Geen skaak-oefening op Woensdag, 15 Februarie a.g.v. D7 atletiek te Sasolburg.

24 Februarie	Volkie Ope (sluitingsdatum is 22 Febr)
25 Februarie	Heidelberg Skaakklub

- Inskrywingsvorms vir beide hierdie dae is beskikbaar op www.sedchess.co.za of jy kan 'n vorm afhaal by Juf Ronelle Terblanche.

10 **KOOR**:

Die Junior- en Seniorkoor oefening begin volgende week.
Elke koorlid wat ingekom het vir die koor sal dié week 'n brief ontvang.
Juniorkoor begin Maandag, 20 Febr, oefen vanaf 14:00 - 14:50.
Seniorkoor begin Woensdag, 22 Febr, oefen vanaf 14:00 - 15:45.

11 **SENIOR CHEF:**

Ouers word versoek om asb hierdie projek te ondersteun. Elke leerder het reeds bestelvorms ontvang. Sluitingsdatum is 6 Maart. Stuur asb kontant saam met u bestellings. Aflewering is 18 April 2017. Leerder wat die meeste verkope het, wen R300 Geskenkbewys by Heidelberg Mall en die klas wat die meeste verkope het, wen elk 'n koeldrank en pizza.

12 **BERGFIETS**:

Almal wat 'n fiets het en graag hulle vaardigheid wil verbeter of sommer 'n geleentheid soek om meer van die opwindende sport van bergfiets wil leer, kom oefen saam van 27 Feb af. Oefening sal plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hoek van 3de laan en Unie straat) Maandae tussen 15:00-16:00. Vir meer inligting kontak Wikus Boshoff by 082 7800 117. Onthou asb jou helmet!

14 **LOLLO'S**:

Lollo's en al sy vriende kom by ons kuier op Vrydag, 3 Maart om 17:30 in die skoolsaal. Kaartjies is R80. Babas onder 12 maande gratis. Om te bespreek, stuur 'n epos met jou naam, van, kontaknr en hoeveel kaartjies jy soek vir die Heidelberg vertoning na admin@kindervermaak.co.za / 0824107682.

15 **MY SCHOOL CARD:**

Elke ouer gaan 'n vorm ontvang. Indien u reeds een het, gee die vorm vir 'n vriendin of familielid om te voltooi en stuur terug skooltoe. Die kaart kan gebruik word by: www.power24.co.za; www.loot.co.za; Flight centre; Woollies & Engen Quick shop.

16 **DISKONTO BOEKUITSTALLING:**

Diskonto boeke kom weer van hulle boeke uitstal in die Mediasentrum vanaf 21 -24 Maart van 08:00 tot 15:00. Ouers en leerders kan kom boeke aankoop teen 'n baie billike prys.

17 **VALENSTYNSDAG**:

Onthou dis Valentynsdag môre! As jy jou R15 betaal het, mag jy wit en rooi aantrek.

Volkiegroete
P. STRYDOM: HOOF